Hoekom moes Jesus gedoop word? – Nick Maartens

Toe Johannes vra hoekom hy Jesus moes doop het Jesus geantwoord: *"Laat dit nou toe, want so pas dit ons om alle geregtigheid te vervul".* "*…to perform completely whatever is right*" (Matt.3:15).
Wat moes vervul word?
Jesus was die Realiteit, die vervulling van al die Ou Testamentiese skadubeelde wat na Hom gewys het. So byvoorbeeld, was die hele offerandestelsel, die koperslang op die paal, die water uit die rots, en baie ander beelde in die Ou Testament, tipes van Jesus. So het Jesus ook die Ou Testamentiese skadubeeld van die priesterskap kom vervul . Jesus is in die Nuwe Testamentiese bedeling ons nuwe Hoë Priester. Dit word duidelik in die boek Hebreërs verduidelik -*"Terwyl ons dan vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus…en ons 'n groot Priester oor die huis van God het…"* (Heb.10:19-21). Jesus moes dus die voorskrifte aangaande die skadubeeld van die Ou Testamentiese priesterskap vervul, sodat Hy in Sy rol as nuwe Priester kon begin. In die skadubeeld moes die nuwe priesters eers met water gewas word (Lev.8:6, Ex.29:4) en dan moes hulle met olie gesalf word as teken van die salwing van die Heilige Gees (Lev.8:12, Ex.29:7)
"Dan moet jy Aaron en sy seuns…met water was" (Ex.29:4)
"Neem dan die salfolie en giet dit op sy hoof en salf hom" (Ex.29:7).
Volgens my mening is hierdie Ou Testamentiese voorskrifte met die doop ("*was*") van Jesus en met die Heilige Gees wat soos 'n duif op Hom neergekom het (*"salwing"*) vervul.
Dit mag wees dat volgens die tipe wat ons in Num. 4:3 kry, Jesus ook eers dertig Jaar oud moes word voordat Hy Sy rol as priester kon vervul. "*Jesus was omtrent dertig jaar oud toe Hy begin leer het"* (Luk.3:23).
Ander redes hoekom Jesus Hom laat doop het mag ook wees om:
1. 'n Voorbeeld vir ons te stel wat gedoen moet word.
Paulus sê ons moet hom volg soos hy Christus volg (1 Kor.11:1). Petrus skryf dat Christus vir ons 'n voorbeeld gestel het – "*…julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle in sy voetstappe kan navolg*" (1 Pet.2:21). Jesus het nie eers nodig gehad om sondebelydenis te doen en tot bekering te kom nie, hoeveel te meer moet ons nie Sy voorbeeld volg nie!
2. Sy gehoorsaamheid aan Sy Vader te demonstreer.
3. Sy nederigheid te demonstreer.
4. Sy volle identifisering met menswees te illustreer.

Nick Maartens
Langenhovenpark, Bloemfontein
0827826074, e-pos: nickmaartens@hotmail.com